
GELOOF In Die Woord



FAITH In The Word

Geloof is uit die gehoor en die gehoor is deur die Woord van God Rom. 10:17

Faith cometh by hearing and hearing by the Word of God. Rom. 10:17

POSBUS 232, BALLITO, 4420 · TEL: (032) 551 1836 / 551 2419 · FAKS: (032) 552 5411
WEBSITE: www.stangerchristiancentre.com E-MAIL:stangerchristiancentre@gmail.com

NA WIE TOE SAL ONS GAAN?

(Joh. 6:68)

"Na wie toe sal ons gaan ?" Hierdie woorde is deur Petrus gespreek in antwoord op Jesus se vraag aan Sy dissipels, "Wil julle nie ook weggaan nie?" Ons lees hierdie uittreksel in **Joh. 6:65-69: En Hy** (Jesus) **sê: Om hierdie rede het Ek vir julle gesê dat niemand na My toe kan kom as dit hom nie deur my Vader gegee is nie. Hieroor het baie van sy dissipels teruggegaan en nie meer saam met Hom gewandel nie. Toe sê Jesus vir die twaalf: Wil julle nie ook weggaan nie? En Simon Petrus antwoord Hom: Here, NA WIE TOE SAL ONS GAAN ? U het die woorde van die ewige lewe. En ons het geglo en erken dat U die Christus is, die Seun van die lewende God.**

Met soveel verwarring wat op die oomblik in die wêreld aangaan, moet ons tot stilstand kom, deeglik oordink en kyk in **wat** en in **Wie** ons glo. Dit is noodsaaklik dat ons die nodige sekerheid en vertroue in ons het sodat ons kan **staan** en die "bose dae" kan weerstaan. As Jesus dieselfde vraag aan ons stel as wat Hy aan Sy dissipels gestel het, **"wil julle nie ook weggaan nie?",** behoort ons met dieselfde vrymoedigheid en oortuiging te kan antwoord soos Petrus: **"Here, na wie toe sal ons gaan? U het die woorde van die ewige lewe. En ons het geglo en erken dat U die Christus is, die Seun van die lewende God."**

Talle Christene is vasgevang in die verwarring van 'n wêreld resessie, misdaad, korrupsie en "New Age" idees, wat veroorsaak dat hulle heen en weer geslinger word deur na so "baie stemme" te luister, en die Bybel vertel vir ons wat gebeur met dubbelhartigheid. **'n Dubbelhartige man, onbestendig in al sy weë (Jak. 1:8).** Die woorde van die Here wat deur Sy profeet Daniël gespreek is aangaande die eindtyd, verklaar dat baie heen en weer sal hardloop.

En jy, Daniël, hou die woorde geheim en verseël die boek tot die tyd van die einde toe; baie sal dit deursoek (Eng. Bybel: MANY SHALL RUN TO AND FRO.... (Dan. 12:4).

Met ander woorde die mense sal nie weet waarheen om te draai en wat om te doen nie, omdat alles in die laaste dae rondom ons geskud sal word **voor die koms van die Here Jesus.** Ons moet ons voete stewig geplant hê op die Rots Christus Jesus. **Toe het sy stem die aarde geskud; maar nou het Hy belowe en gesê: Nog een maal laat Ek nie alleen die aarde nie, maar ook die hemel bewe (Heb. 12:26).** Ons kan die resultate van die geskud wat plaasvind regdeur die wêreld sien in die vernietigende hongersnode, vloede, brande en aardbewings wat daagliks op die nuus en TV gehoor en gesien word. Desperate persone weet nie waarheen om te gaan of wat om te doen om kos, skuiling, vrede en veiligheid te kry nie. Wanneer mense nie weet waarheen om te gaan of wat om te doen nie, raak hulle bevrees en desperaat, en die vyand trek voordeel uit die situasie. Die Here het egter Sy mense gewaarsku dat dit oor die wêreld sou kom en dat die wat hul vertroue in Hom stel nie hoef te vrees nie. **En daar sal tekens wees aan son en maan en sterre, en op die aarde benoudheid van nasies in hulle radeloosheid, wanneer see en branders dreun, en mense se harte beswyk van vrees en verwagting van die**

(Continued on page 2)

(Vervolg vanaf Bl. 1 - Na wie toe sal ons gaan….)

dinge wat oor die wêreld kom. Want die kragte van die hemele sal geskud word (Luk. 21: 25 – 26).

Ek glo dat die Here se oordeel oor die nasies reeds begin het, en dit is as gevolg van hul voortgaande ongehoorsaamheid aan Sy gebooie en opdragte vir 'n heilige lewe soos in Sy Woord uiteengesit en ook as 'n resultaat van hul stand teen Sy Heilige Land – Israel. Het jy opgemerk hoeveel van die lande wat katastrofiese rampe beleef, die is wat geweldig antagonisties is teenoor Israel en haar Here? (Lees ons boek "Israel and Ishmael")

So baie mense sê beskuldigend: "Waarom het die Here toegelaat dat dit alles gebeur?" Sommige blameer Hom selfs direk dat Hy die oorsaak is van al die tragedies wat nou in die wêreld plaasvind. Hulle redeneer dat "'n liefdevolle God verseker nie sou toelaat dat al die lyding in die wêreld sou plaasvind nie ". Die waarheid is egter dat die Here, Skepper van die Hemel en aarde, Homself aan Sy Woord verbind het, en HY KAN NIE SY WOORD VERBREEK NIE ongeag hoe hartseer dit Hom maak om die lyding van die mens te sien. **Ps.138: 2: Ek wil na u heilige tempel toe buig en u Naam roem om u liefde en trou, want U het U Naam en U WOORD bo alles gestel.**

Die Here is genadig en vol medelye, en Hy is geduldig ver bo wat ons kan dink, maar, soos die toestand in die wêreld in die tyd van Noag was, en toe weer met Sodom en Gomorra het God se oordeel gekom as 'n direkte oorsaak van die mens se sonde en rebellie teen Sy Woord en voorgeskrewe reëls oor hoe om te lewe. Die Woord sê vir ons dat in daardie tye was die wêreld **geweldadig en korrup!** Die mens het rampe oor en deur homself gebring! Hy moet die skuld dra, deurdat hy die dood gekies het in plaas van lewe, volgens die Here se belofte en waarskuwing aan ons, om Sy wonderlike weë te volg wat Hy vir ons georden het vir ons veilige en oorvloedige lewe! **Ek roep vandag die hemel en die aarde tot getuie teen julle dat ek die lewe en die dood aan jou voorgehou het, die seën en die straf. Kies die lewe, sodat jy en jou nageslag kan lewe (Deut.30:19).** Die Here se liefde teenoor die mens is regdeur Sy Woord duidelik, en Sy grootste demonstrasie van liefde is opgeteken in **Joh. 3:16: God het die wêreld so lief gehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat dié wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe sal hê.** So is die Here se groot liefde en belang vir ons!

Wat kan ons dan doen aangaande die toestand van die wêreld as die Here reeds begin het met al die geskud? Jy mag vra of Sy oordeel dan nie 'n afgehandelde besluit is nie? Waarheen gaan ons? Wat moet ons doen?

ONS KAN BID EN ONS MOET BID! Die Here se mense is geroep en georden om biddende mense te wees. Die Bybel sê dat ons 'n koninklike priesterdom is. **Maar julle is 'n uitverkore geslag, 'n koninklike priesterdom, 'n heilige volk, 'n volk as eiendom verkry, om te verkondig die deugde van Hom wat julle uit die duisternis geroep het tot sy wonderbare lig (1Pet. 2:9).**

En ons gemaak het konings en priesters vir sy God en Vader, aan Hom die heerlikheid en die krag tot in alle ewigheid! Amen (Openb.1:6).

Die Here verwag 'n reaksie van ons wanneer ons Sy beloftes in vervulling sien kom. Ons moet na Hom in nederigheid draai en Hom ywerig soek terwyl ons Sy planne en doelstellings sien gebeur. Hy sou van ons verwag om vir 'n verlore wêreld te bid. Hy sou van ons verwag om te bid vir die menigtes wat heen en weer hardloop, om na Jesus te draai vir hul ewige verlossing, omdat daar van Hom geskryf is: **En die saligheid is in niemand anders nie, want daar is ook geen ander naam onder die hemel wat onder die mense gegee is, waardeur ons gered moet word nie (Hand. 4:12).** As ons, wat deur Sy Naam geroep is nie vir die verlore siele bid om in Sy Koninkryk in te kom nie, wie sal? Die Here kyk en wag net vir een man of een vrou om genoeg in Hom te glo om te bid vir verlore siele in die waansinnige wêreld, wat vinnig besig is om buite beheer te tol. Hy begeer dat ons – ek en jy – net so bekommerd is as Hy vir hulle wat verlore gaan. **Die Here vertraag nie die belofte soos sommige dit vertraging ag nie, maar Hy is lankmoedig oor ons en wil nie hê dat sommige moet vergaan nie, maar dat almal tot bekering moet kom (2 Pet.3:9).**

Die wonderlike waarheid is dat die Here belowe om ons gebede te beantwoord as ons in geloof bid, deur te glo dat Hy by magte is om te doen wat ons ook al vra in die Naam van Jesus, as dit volgens Sy wil is – en ons weet vir seker dat dit beslis Sy wil is om die verlorenes te red. Verbasend dat Hy op ons gebede wag sodat Hy kan reageer. Een van die opwindendste ondervindings wat ons ooit kan hê is om te weet dat die Here Almagtig, Skepper van die heelal, ons persoonlike individuele gebed hoor en sal doen wat ons Hom individueel vra, wanneer ons in die Naam van Jesus vra. **En wat julle ook al in my Naam mag vra, dit sal Ek doen, sodat die Vader in die Seun**

(Vervolg op Bl. 3)

(Vervolg vanaf Bl. 2 - Na wie toe sal ons gaan…)

verheerlik kan word. As julle iets in my Naam vra, sal Ek dit doen (Joh. 14:13-14). Dit is in die Bybel opgeteken dat een man die Here gevra het dat die son moes stilstaan, en Hy het dit gedoen. Een man het gevra dat dit vir drie jaar nie moes reën nie, en die Here het dit vir hom gedoen. Dan, toe hy gevra het dat die reën weer moes kom, het die Here op een enkele man se gebed gereageer. 'n Man net soos ek en jy! **Elía was 'n mens net soos ons, en hy het ernstig gebid dat dit nie moes reën nie, en dit het op die aarde drie jaar en ses maande lank nie gereën nie (Jak. 5:17).** Glo jy dat jou gebed vir die Here om 'n verlore siel of siele te red beantwoord sal word? Dan moet jy bid sodat Hy jou gebed kan verhoor! Satan sal daarvan hou om jou te laat dink dat jou gebed onbelangrik was en nie van veel waarde is nie, so waarom eers moeite doen om te bid! Dit is 'n leuen van die vyand om jou te stop om nou 'n verskil in die wêreld te maak deur jou gebede, waarvoor die Here net wag om te verhoor!

Op die oomblik is die Here besig om die Jode bymekaar te maak wat tussen die nasies versprei is, en hulle terug te bring na hul Beloofde Land, Israel. Ons sien hierdie wonderwerkende profesie voor ons oë in vervulling kom, en ons prys Hom vir dit omdat dit die bewys is van nie net Sy getrouheid nie, maar dat Hy ook 'n God is wat Sy Verbond hou. As Hy getrou is aan Sy beloftes aan Sy Ou Verbondsvolk, kan ons Hom vertrou om getrou aan ons te wees, die Kerk van die Here Jesus Christus. Ons moet egter aanhou bid vir beide die Jode om na hul vaderland terug te keer en vir die Kerk om gereed te wees vir Jesus se wederkoms. (Lees ons boek "Is jy gereed?). Soos ek tevore gesê het, verwag die Here 'n reaksie van ons wanneer ons Sy beloftes in vervulling sien kom. Ons moet in nederigheid na Hom draai en Hom ernstig soek soos ons sien dat Sy planne en doelstellings in vervulling begin kom.

Waarheen kan die mense dus hardloop wanneer hulle heen en weer hardloop as die hele wêreld in verwarring is as gevolg van rebelse mense? Die Here het die profeet Jeremia beveel: **Gaan en roep hierdie woorde na die noorde toe uit en sê: Keer terug, O afkerige, Israel, spreek die HERE. Ek sal julle nie donker aankyk nie, want Ek is goedertieren, spreek die HERE; Ek sal die toorn nie vir ewig behou nie (Jer. 3:12).**

Keer terug, o afkerige kinders; Ek sal julle afkerighede genees. (en dan was hul antwoord) **Hier is ons, ons kom na U toe, want U is die HERE onse God (Jer. 3:22)** Of in Petrus se woorde: **"Here, na wie toe sal ons gaan? U het die woorde van die ewige lewe. En ons het geglo en erken dat U die Christus is, die Seun van die lewende God."**

Petrus was nie die enigste een wat geweet het waarheen om te gaan en na Wie om te draai in tye van wanhoop en probleme nie. Daardie tye wanneer jy swak, verward en terneergedruk voel. Tye wanneer dit lyk asof daar geen hoop en geen uitweg uit die situasie is nie, wanneer dit lyk asof jou vyande jou omring. Tye wanneer jy alleen en eensaam voel en asof niemand omgee nie. Tye wanneer jy nie weet waar die volgende maaltyd vandaan gaan kom nie of hoe om deur 'n volgende dag te kom nie.

Koning Salomo met sy geweldige wysheid, gee aan ons die volgende gerusstelling in die Woord dat:

Die Naam van die HERE is 'n sterk toring; die regverdige hardloop daarin en word beskut (Spr. 18:10).

Maar die wat na my luister, sal veilig woon en gerus wees teen die skrik vir die onheil (Spr. 1:33).

As jy gaan lê, sal jy nie skrik nie, en lê jy, dan sal jou slaap soet wees (Spr. 3:24).

Jy hoef nie bang te wees vir 'n skielike skrik of vir die ondergang van die goddelose as dit kom nie (Spr. 3:25).

Want die HERE sal jou vertroue wees, en Hy sal jou voet bewaar vir die strik (Spr. 3:26).

Koning Dawid het ook geweet wat Petrus geweet het oor wat om te doen in tye van moeilikheid, en omdat hy al die voorafgaande ondervind het, kon hy sê: **Wie het ek buiten U in die hemel? Buiten U begeer ek ook niks op die aarde nie (Ps. 73:25).**

Die HERE is my rots en my bergvesting en my redder; my God, my rots by wie ek skuil; my skild en die horing van my heil, my rotsvesting (Ps.18:3).

U is 'n skuilplek vir my; U bewaar my vir benoudheid; U omring my met vrolike gesange van bevryding. Sela (Ps. 32;7).

U is my skuilplek en my skild; op u woord wag ek (Ps.119:114).

Steun my, dat ek verlos word; dan sal ek altyddeur op u insettinge let (Ps.119: 117).

Daar is slegs een plek waarheen ek en jy kan gaan waar ons nie net veilig en beskerm sal wees nie, maar ook versorg sal word, voorsien word en liefde kry – ver van geweld en korrupsie, hartseer en pyn – en dit is in Jesus Christus – die geheime plek van die Allerhoogste:

Hy wat in die skuilplek van die

(Vervolg of Bl. 4)

(Vervolg vanaf Bl. 3 - Na wie toe sal ons gaan….)

Allerhoogste sit, sal vernag in die skaduwee van die Almagtige. Ek sal tot die HERE sê: My toevlug en my bergvesting, my God op wie ek vertrou.

Want Hy is dit wat jou sal red uit die net van die voëlvanger, van die verderflike pes. Hy sal jou dek met sy vlerke, en onder sy vleuels sal jy skuil; sy trou is 'n skild en pantser.

Jy hoef nie te vrees vir die skrik van die nag, vir die pyl wat bedags vlieg nie, vir die pes wat in die donker wandel, vir die siekte wat op die middag verwoes nie! Al val daar duisend aan jou sy en tien duisend aan jou regterhand — na jou sal dit nie aankom nie. Net met jou oë sal jy dit aanskou en die vergelding van die goddelose sien. Want U, HERE, is my toevlug. Die Allerhoogste het jy jou beskutting gemaak.

Geen onheil sal jou tref en geen plaag naby jou tent kom nie;

want Hy sal sy engele aangaande jou bevel gee om jou te bewaar op al jou weë. Hulle sal jou op die hande dra, sodat jy jou voet teen geen klip stamp nie. Op die leeu en die adder sal jy trap, die jong leeu en die slang vertrap. Omdat hy My liefhet, sê God, daarom sal Ek hom red; Ek sal hom beskerm, omdat hy my Naam ken. Hy sal My aanroep, en Ek sal hom verhoor; in die nood sal Ek by hom wees; Ek sal hom uitred en eer aan hom gee. Met lengte van dae sal Ek hom versadig, en Ek sal hom my heil laat sien (Ps. 91:1-16).

Ons lees in **Heb. 4:9: Daar bly dus 'n sabbatsrus oor vir die volk van God.** Op hierdie tyd in die wêreld geskiedenis, presies waar ons is, laat ons die rus ingaan wat Hy vir ons voorberei het, en uit hierdie veilige, beskermde posisie, as Sy biddende mense, laat ons oorlog voer in gebed vir die siele van mans en vroue, soos ons opgewonde op die koms van ons Here wag. Amen. ●

APPROACHING GOD THE BIBLICAL WAY

Before we pray to our Father God, we need to be consciously aware of the fact that we are speaking to, and communicating with, a loving, living Heavenly Father! This is essential to our prayer life because this simple yet profound truth motivates us to earnest, honest and real dialogue with Him. We really need this revelation in our hearts as it brings with it the realization that God always hears and answers sincere prayer. **1Jn 5:14-15: And this is the confidence that we have in Him, that, if we ask any thing according to His will, He heareth us: And if we know that He hear us, whatsoever we ask, we know that we have the petitions that we desired of Him.**

It is imperative that we have the assurance that He hears us when we pray, and that He promises to answer prayer that is prayed according to His Will. And how do we know His Will? His Will is recorded in His Word, the Bible! In other words, His will is His Word, and His Word is His Will! We can therefore conclude that when we pray Father God's Word back to Him, He will respond to this truth and react upon it!

When you became a child of God by giving your heart to Jesus, declaring Him your Saviour and Lord, (according to John 1:12), you gained the privilege of being able to come directly to the Throne of Grace in order to make your petitions known to your Heavenly Father. The Bible teaches us to always approach Father God in the name of Jesus, because He alone paid the price for our reconciliation to God, with His precious Blood at Calvary, (Joh.16:23-24). Thus when we pray, we pray to the Father, in the Name of Jesus, by the power of the Holy Spirit. (Rom. 8:26)

We need therefore to be in a right relationship with God, through Jesus Christ, (1 Cor. 1:30) and then we are able to come before the throne of our Lord God boldly and with liberty, thanking, praising and making our requests known unto Him. There are many religions that pray to their "god", but they deny the only Mediator,(ordained by our Heavenly Father), between man and God – the Man Christ Jesus. (1 Tim. 2:5). Their prayers are thus in vain. It is imperative for us to be sure of our salvation, through the Blood of Jesus Christ, before we come to God in prayer. We need to serve Him and live for His glory, as His obedient Blood-washed children.

You must come before the Lord in earnest repentance, and ask forgiveness for sins committed, confessing them and believing that the Lord, in His great mercy, cleanses you from all sin and you become a new creation in Christ Jesus. If you do not confess and repent of your sins, turning your back on them, they become a barrier between you and Father God, a stumbling block in your spiritual life. They form a blockage, often preventing God from working in and through us, or hearing and answering our prayers, and this produces frustration and despondency which may lead to backsliding to our previous state. If you are aware of any sin that could separate you from the Lord, confess it immediately, asking for forgiveness and standing on God's promise in 1 John 1:9, which says: **"If we confess our sins, He is faithful**

(Continued on page 5)

(Continued from page 4 - Approaching God the Biblical way….)

and just to forgive us our sins, and to deliver us from all unrighteousness."

As you prayerfully wait upon the Lord, His Holy Spirit will reveal anything else that may cause a blockage in your spiritual walk with Him. Read the Bible and ask the Lord to show you – WAIT EXPECTANTLY ON THE LORD – listening to His voice in your heart.

The sin that is often the most difficult to deal with is **unforgiveness,** which brings deep sadness to our Father's heart. (Matt. 18:23-35)

When you come in prayer, trusting the Lord for healing, deliverance or provision, it is of the utmost importance that you have no unforgiveness towards anyone, as this is one of Father God's specific requirements for answered prayer. Check your heart. We often pray **"forgive us our trespasses",** but we forget that the Scripture says ….. **"as we forgive those who trespass against us." Matt. 6:14-15.**

You may reason … "but that person has done me such a great injustice, I can never forgive them!" However, it does not matter **what** they have done, the Word of God commands us to forgive them. God does not say that we are to forgive if we are the guilty party, no whether we are guilty or innocent – HE SAYS FORGIVE! Read Matt. 8:21-35 and Luke 17:4.

In Mark 11:23-24 we find a wonderful promise from the Lord: **For verily I say unto you, That whosoever shall say unto this mountain, Be thou removed, and be thou cast into the sea; and shall not doubt in his heart, but shall believe that those things which he saith shall come to pass; he shall have whatsoever he saith. Therefore I say unto you, What things so ever ye desire, when ye pray, believe that ye receive *them,* and ye shall have *them.*** But read on to verse 25 and 26: **And when ye stand praying, <u>forgive,</u> if ye have aught against any: that your Father also which is in heaven may forgive you your trespasses.**

Mark 11:26: But if ye do not forgive, neither will your Father which is in heaven forgive your trespasses.

Also read James 2:13, 5:16 and Matt. 5:23-24.

HOW DO I FORGIVE? Forgiveness is not optional, it is essential!! It is also not an emotion, but a choice. I choose to obey God's instructions in His Word. Most unanswered prayers can be traced back to an unwillingness to forgive another! If the Lord convicts you of unforgiveness harbored in your heart, then you need to confess it before Him, and ask Him to forgive you. This prayer may give you some guidance, but pray sincerely from your heart: ***My precious Heavenly Father, I know that I hold deep resentment, even hatred in my heart towards …… This is sin in your eyes. Deliver me and sanctify me by Your Blood as I choose to forgive …… You forgave me when I was still a sinner, not deserving of your grace and mercy. Father I ask that You give me your grace, Your love to forgive …… You promised in Your Word (the Bible) that You would do anything that I asked in Jesus Name, according to Your Will. Please remove all unforgiveness and resentment from my heart this moment. I choose to forgive in obedience to your Word. Give me Your love for …… in Jesus Name. Thank you Lord. Amen.***

I would like to suggest that you read our book "The Power of Forgiveness", which will strengthen your heart when you understand the amazing forgiveness Jesus showed towards us. God is a caring Father who loves to give us the desires of our heart. (Psalm 37:4-5). Although God knows the thoughts, intents and desires of our heart long before we ask, He still longs for us to come to Him and tell Him of our needs and desires in vocal prayer, as a child would to his parent. We must, according to the Bible, make our requests known unto Him, and He promises to meet our needs. (Phil. 4:19). Decide what the longing of your heart is, and search the Scriptures, (as for treasure to be discovered in His Word), in order to find God's promises regarding your particular need.

So often we pray long, repetitive prayers, not believing God or expecting Him to answer. (Matt. 6:7-8) Are you actually praying and believing for an answer? Do your pray with expectancy? If not, your prayers are in vain. Take your Bible (the Sword of the Spirit), and search for specific promises – concerning that thing for which your heart longs. God's Word is His Will for His children, and if we ask for something according to His revealed will, He will answer our prayer. If you pray contrary to God's Will, don't expect that prayer to be answered. This is often the reason why so many prayers remain unanswered. WE MUST PRAY FOR THINGS ACCORDING TO GOD'S WILL. (1 John 5:14).

James 4:3 says: **You ask and do not receive because you ask amiss, that you may spend it on your pleasures.**

God expects us to study and get to know His Word – filling our spirit and soul with His Living Word. We read in **Joshua 1:8: This book of the law shall not depart out of thy mouth; but thou shalt meditate therein day and night, that thou mayest observe to do according to all that is written therein: for then thou shalt make thy way prosperous, and then thou shalt have good success.**

The Bible says that **"God hastens to perform His Word." (Jer. 1:12).** Jesus wants us to be rich in good thoughts concerning Him. He desires that His chosen ones delight in Him. He is revealed as "The Pearl of Great Price". (Matt. 13:46) God regards Him as "His Indescribable Gift". (2 Cor. 9:15) The Angels consider Him as "The Worthy Lamb of God". (Rev. 5:12)

Beloved, remember that Satan's aim is to succeed in getting a child of God to doubt the Father's Word and especially His promises to us. He knows that we will then just give up and lose that blessing or promise for which we once believed, therefore we must **know** the Scriptures in order to firstly believe them with our

(Continued on page 6)

(Continued from page 5 - Approaching God the Biblical way….)
whole heart, and then to quote them, speaking them aloud in prayer with our mouth. Reminding Father God of His Word! (Isaiah 43:26).We read in Luke 4:1-13that Satan tempted Jesus in the wilderness after He had fasted for forty days and nights. When resisting the devil's attack, Jesus said: "It is Written!", and quoted Scripture in order to successfully deal with His enemy. If we do not know how to use the Scriptures as our spiritual weapon, we will be robbed of our inheritance, and all the promised blessings purchased at such a great price at Calvary. Jesus says "I have inscribed you on the palms of My Hands, ie. Your person, your circumstances, your sin, temptations, needs, works and weaknesses – everything about you is inscribed on My hands. Beloved, never ever say that God has forsaken you – you are part of His very Being and He loves you with an everlasting love.

We are instructed in God's Word to make our daily needs known to our Heavenly Father, even though He tells us that He knows what we have need of long before we ask (Matt 6:8), He still wants us to approach Him as a Father and trust Him to sort out our problems for us. However we must come to Him believing two things, and they are, firstly that He is **able** to, and secondly that it is His **will** to do so! Here is a practical illustration: It is near the end of the month, and you don't know how far your finances are going to stretch in order to buy food for your family. This is when you should come to your Heavenly Father and make your needs known, then remind the Lord of His promises in Phil. 4:19, Psalm 23:1, Psalm 37:4, 2 Cor. 9:6-8 (to quote but a few).You believe that He has heard your prayer and so you start thanking Him for the answer to your prayer. Time may pass without you seeing anything starting to happen so this is your time to stand firm in faith still trusting God's Word. If doubt or unbelief come to rob you from trusting the Word, God's promise, resist the devil, confess God's Word and BELIEVE WITH YOUR WHOLE HEART. (Rom. 10:10). **For God is not a man that He can lie**. **(Num. 23:19**).

Prayers not prayed in faith and expectancy are just dead rituals. There is often a delay in the manifestation of God's answer to our prayers, but we must exercise steadfast patience and perseverance. We read in **Heb.10:35-36 Cast not away therefore your confidence, which hath great recompense of reward. For ye have need of patience, that, after ye have done the will of God, ye might receive the promise.**

The Bible says**: fight the good fight of faith (1 Tim 6:12).** This is saying in fact, that we are to fight to stay in faith; to remain in faith! Thus we see that it is quite scriptural to experience delays in actually experiencing the answer to our prayer at times, but God has answered in His perfect way, and we **will** experience that answer at the perfect time. Our part is to trust and obey, to remain expectant with hearts full of expectancy and thanksgiving regardless of the time involved before actually seeing the manifestation, the answer to our prayer. Remember that nothing is impossible for God!(Matt. 1:37). Our Heavenly Father is able to do far above what we can even hope, dream or imagine! (Eph. 3:20). God is able to perform that which is way above what seems possible in man's eyes! **Don't be passive and unbelieving in your prayer life!** God's Word says that we are in a spiritual battle. **(2 Cor. 10:3-5** and **Eph. 6:12).** Jesus says in Mark 11:23: **Therefore I say unto you, What things so ever ye desire, when ye pray, believe that ye receive them, and ye shall have them**. It is imperative that we believe WHEN we pray, in order to receive. (Read our book How should a Christian pray).

If anyone came to rob you of what was rightfully yours, I am certain you would put up some sort of resistance, even a fight. We should have exactly the same attitude and response when Satan comes to steal God's promises from our heart. Yet somehow we just lie down and play dead when he comes to us with his lies, suggesting to us that God might not have meant exactly what His Word says! We allow him to steal God's Word out of our heart and to replace it with his doubt and unbelief! We must be alert, recognizing the devil's attacks on God's Word and on our faith in it, and we must use God's Word as a weapon to withstand him and remain in faith! (Eph. 6:17). God declares that His Word will not return to Him void! **(Isaiah 55:11)**

It is very important for us to know and speak the scriptures we need to resist Satan's lies. Proclaim: "IT IS WRITTEN!" The devil uses people to make us despondent, especially in spiritual matters. We must learn to resist him body, soul and spirit. When it comes to healing, quote: **"By the stripes of Jesus I am healed."**(Isa. 53:4-5). It does not matter what sickness, pain or infirmity you may be suffering from, your trust in the Lord will be built up once you choose to step out in faith, believing God and taking Him at His Word. (Rom. 10:17). **The choice is yours!**

I cannot over emphasize the importance of developing a faith filled, vital and vibrant prayer life with our Heavenly Father, not only so that our needs may be met, but in order that we may hear His voice and respond to His will and guidance for our lives. There is so much that we would miss in this life here on earth and in our life hereafter if we neglect to communicate all the time with our "Abba Father" who imparts His wisdom, His desires for our life, His comfort, love, protection, healing and provision in every area of need. He says that our prayers come up to Him as sweet incense. (Rev. 5:8). He delights in our prayers, and how much more is His delight when we are praying according to His very own heart with a firm knowledge of His Word!

Whatever your immediate need may be, let it be like a strong current to carry you to His Divine love and promises. Hasten to your Heavenly Father while He waits to meet with you and answer your prayer. ●



UIT ONS KANTOOR

Geliefdes in Jesus,

Die Here was so goed en genadig vir ons en ons loof Hom en het Hom elke dag net liewer. Julle briewe, telefoonoproepe, fakse en E-posse is vol van Sy getrouheid en wonderlike antwoord op gebed, en ons dank julle vir hulle. Niks is onmoontlik vir ons kosbare Here soos ons aanhou om Hom met ons lewens en probleme elke dag te vertrou! Onthou net die grootte van ‘n mosterd saad se geloof is nodig om ‘n berg te verskuif wanneer ons op Sy Woord staan, dit glo en dit verklaar.

Ons het die boek “Die Tweesnydende Swaard” in Engels vertaal en dit is nou beskikbaar. God se Woord is werklik skerper as enige tweesnydende swaard en is ‘n magtige geestelike wapen teen die magte van die duisternis. Wanneer ons God se Woord bid, antwoord Hy omdat Hy oor Sy Woord waghou om dit te laat gebeur. Ons wil vir julle baie dankie sê vir jul liefde, gebede en bemoediging soos ons aanhou met die werk van die bediening hier by die Stanger Christelike Sentrum.

Dankie dat julle ons arms omhoog hou op elke moontlike manier.

Mag die Here julle ryklik seën vir jul ondersteuning.

Ons bid dat die Here se oorvloed jul deel sal wees.

Meg en die Gebedspan

- NEW BOOK -
“The Two Edged Sword”
Book number 77 - R20.00 each

KENNISGEWING

Ons het ‘n lys beskikbaar van boeke en Cd’s met hul pryse. Indien u meer inligting verlang oor wat beskikbaar is of ‘n bestelling wil plaas, kontak ons asseblief sodat ons die lys na u kan faks of E-pos.

Dit het ook volledige inligting hoe om ‘n bestelling te plaas, bank inligting ens. Ons E-pos adres is: stangerchristiancentre@gmail.com en ons faks nommer is: 032:5525411. Ons het ook ‘n internet adres en dit is: www.stangerchristiancentre.com, u kan al ons boeke daarop sien en hulle kosteloos aflaai.

Ons Bankbesonderhede is:
Stanger Christian Sentrum,
Eerste Nasionale Bank,
Rek. No: 53730091667, Kode: 220129,

UIT DIE SKATKIS VAN DIE HERE

JESUS VERSTAAN JOU STRYD

Heb. 4:15: Want ons het nie ‘n hoëpriester wat nie met ons swakhede medelye kan hê nie, maar een wat in alle opsigte versoek is net soos ons, maar sonder sonde.

Stel jou voor dat jy ‘n nuwe politikus ontmoet wat jou distrik gaan verteenwoordig, net om uit te vind dat hy nie met jou omgewing se behoeftes en probleme bekend is nie. Jy sal wonder: “Kan die man ons regtig verteenwoordig? Weet hy enigiets van ons lewens omstandighede? Is hy bekend met die verskillende uitdagings wat die gesinne hier in die gesig staar? Kan hy my help om my kind in een van die skole hier te kry?” Ek is seker dat jy iemand sal verkies wat werklik jou uitdagings verstaan, om jou te verteenwoordig!

Op dieselfde manier is ek bly dat ons nou, aan die regterhand van die Vader, lemand het wat as ‘n mens gekom het om ons te verlos en ten volle verstaan wat ‘n mens deurgaan. Toe Jesus op die aarde gewandel het, het Hy deur elke menslike emosie gegaan, sodat Hy op alle punte met ons kon identifiseer. Jesus is God, maar Hy is in die teenwoordigheid van die Vader soos ‘n Mens, wat ons verteenwoordig.

My vriend/in, jy mag voel dat niemand jou stryd verstaan nie. Luister, dit mag die waarheid wees van ‘n mens, maar dit is nie waar van Jesus nie. Hy weet presies waardeur jy gaan en Hy kan met jou swakhede simpatiseer, omdat Hy in alles net soos ons versoek is, maar sonder sonde.

Niemand van ons is al op alle punte versoek nie. Maar God het toegelaat dat Jesus op alle punte versoek is, sodat Hy kan verstaan en met elke persoon op aarde se stryd kan identifiseer. Hy kan aangeraak word deur ons menslikheid, ons swakhede, trane, teleurstellings, smart .... op alle punte!

Daar is nie ‘n beproewing, moeilikheid, uitdaging of versoeking wat jy in die gesig staar waarmee Jesus nie kan identifiseer nie. My vriend/in, die oomblik wat jy daar deurgaan, presies dan en daar, voel Hy dit ook. Dit is die soort verteenwoordiger wat jy in Jesus het! Dit is die liefde van God sodat jy nader sal kom aan Sy troon van genade (nie oordeel) om barmhartigheid en genade te kry in tyd van nood! (Heb. 4: 5 en 16). •

Ons God van wonderwerke.....Briewe wat getuig van die Here se goedheid en getrouheid

Liewe bid groep. Ek wil net my dankbare hart uitspreek teenoor u en die Here dank vir al die gebede vir my oor depressie, dis weg ek voel ‘n ander mens , en dankie vir my moeder wat na ‘n groot val weer op haar eie kan loop , ons wil net hê u moet bid vir volkome genesing in rug en boud wat nog pyn, groot asb.

Dankie, Annatjie

Goeie Dag gebed span,

Baie dankie weereens vir die nuusbrief wat ek maandeliks vanaf die Sentrum ontvang. Dit beteken vir my oneindig baie.

Ek wil ook aan u meedeel dat ek in 2012 die Sentrum geskakel en voorbidding gevra het vir ons seun, Jaetin, toe agtien jaar oud. Gedurende 2013 het Jaetin wie so astrant was, met Jesus 'n ontmoeting gehad en sy lewe het waarlik verander. Die Here het 'n pragtige werk in sy lewe begin. Baie dankie. Ons vertrou egter nou die Here vir hom vir 'n werk. Hy het al twee keer verlede jaar toetse gaan skryf by die SA Weermag, maar nog niks van hul verneem. Ek vra graag dat u saam met ons die Here vertrou vir Sy perfekte wil vir sy lewe.

Baie dankie. Liefdegroete.

Jane Hartzenburg, Oudtshoorn

Ek wil graag ‘n belydenis doen, sou graag dit in die wêreld instuur, maar het nie kennis van die nuwe tegnologie nie, moontlik kan u dit gebruik om iemand anders te bemoedig.

My enigste seun was baie ongelukkig by die werk, in so ‘n mate dat hy in depressie verval het, Dr. het pille voorgeskryf en toe sterkeres, maar dit het blykbaar nie baie gehelp nie, die gevolg, hy het ook begin drink. Dit het veroorsaak dat sy huwelik so te sê op die rotse was. Mens bid, en bid maar dit het ook nie gehelp nie. As moeder begin ek toe 3 uurliks bid, spreek Satan en trawant aan in die naam van Jesus en kwoteer ook Skrifgedeeltes uit Gods Woord. Sonder dat hy aansoek gedoen het, voorsien die Here vir hom ‘n ander werk, hy is baie meer gelukkig en amper weer die kind wat ek ken, stop dadelik die drinkery - ons kon dit amper nie glo dat dit so dadelik plaas gevind het nie. God se liefde en almag word vergeet.

Halleluja, Prys die Here, loof Sy Naam, want al die eer, heerlikheid en dankbaarheid van my hart en lof kom hom toe.

Sy huwelik herstel mooi en hy byt vas, dis nou amper 3 maande. Sal u asseblief saam met my bid dat die Here hom volkome geestelik genees het en dat hy nooit weer alkohol sal gebruik nie. Bid asseblief ook dat hy van die rook gewoonte verlos sal word. U het seker in die 1970 vir my in Stanger gebid. Baie dankie vir u boekies wat ek jare terug gekoop het, en verlê het maar nou weer ontdek het. Wat ‘n groot seën. Baie dankie daarvoor. Ek vertrou dat u gesond is en nog baie jare vir die Here sal kan werk sodat die mense baat, uitkoms en seën sal ontvang. Met seënbede en ‘n 78 jarige moeder, wat deur die genade van die Here 50 jaar oud voel!

Liefdegroete

Mev Calitz, Witbank

Liewe Jesus,

Dankie dat U my gesond maak ek is genees deur Jesus se wonde, Amen, my hormone, nagsweet, slapeloosheid, emosies, sinusse in lyn sal kom met God se woord, my bloeddruk, “heart rate" , baarmoeder skoon maak, eierstokke, in lyn sal kom met God se woord, elke infeksie, koors sal verdwyn in die Naam van Jesus. Ek het die voorbehoed gelos,Ek wil nie graag medikasie gebruik nie, vertrou op God,

Hester, Windhoek

Meg en gebed span,

Hier vanaf Hartenbos in die Suid-kaap gaan dit baie goed, vertrou daar by die Sentrum is alles ook wel. Ek het vroeër die jaar voorbidding gevra vir 2 vriende wat baie siek was.....en ons sê baie dankie dat julle saam met ons in gebed by Jesus ingetree het vir hulle...dit gaan baie goed met hul gesondheid en ons Loof en Prys die Heer vir die genesing en glo aan die kragtige gebed van gelowiges!!

Baie dankie .... en ons bid gereeld vir seën oor elkeen van julle by die Sentrum en vertrou Jesus

vir elke kragtige gebed in Geloof!

Geseënde Paasfees ook vir Julle!!

Etta Meyer

Hallo Meg en gebed span

Ek het ‘n tydjie gelede gevra vir voorbidding vir ons kinders Antonie en Chantel vir ‘n baba. Dis met groot vreugde dat ek vandag vir jul kan laat weet dat alles baie goed gegaan het, hul het Donderdag gehoor sy verwag ‘n tweeling!!! Alle lof en dank en alle eer aan ons Hemelse Vader!! Ons bid dat die Vader Sy hand van genade oor hul sal hou. Bid asseblief saam met ons.

Baie dankie vir al die gebede deur die jare.

Baie liefde.